Hendrik Witbooi (1830-1905): Literêre uitbeeldings tydens apartheid in historiese en ideologiese konteks

Sonja Loots

Hendrik Witbooi (1830-1905): Literary memories in Afrikaans in historical context
In this article I discuss the literary treatment of Hendrik Witbooi in P.J. Philander's poetry collection Vuurklip *(1960) alongside apartheid-era depictions of Witbooi by white writers in* Die gésel van Namaland *(W.A. de Klerk, 1969),* Tweehonderd Gewere *(Doc Immelman, 1965) and* Duisend gewere *(A. Cilliers, (196[-?]). These texts are decoded to examine the dialogic relationship between text and the contemporary socio-political context. The aim is to illustrate that there is a long tradition in Afrikaans of colonizing narratives about Hendrik Witbooi, and to highlight the impact of historian Gustav Preller's distorted version of Witbooi history on literary depictions of Witbooi in subsequent years.*

1. Inleiding

Hierdie artikel is die eerste in 'n tweeluik waarin ek oorsigtelik fokus op literêre uitbeeldings van Hendrik Witbooi (1830-1905). Witbooi, ook bekend as !Nanseb Gâbemab (sy Nama-naam), word onthou as een van Afrika se grootste vryheidstryders vanweë sy gewapende weerstand teen koloniseerders in die Duitse kolonie Suidwes-Afrika (Van Rooyen, 2021: 61; Wannenburgh, 1980: 182).

Witbooi is eweneens bekend vir sy dagboekinskrywings en die dosyne briewe wat hy in die 1880's, 1890's en vroeë 1900's in Nederlands geskryf het aan Duitse bevelvoerders, Engelse magistrate, Herero-kapteins en ander inheemse leiers. Groenewald (2010: 88, 95-96) verduidelik dat Nederlands in prekoloniale Namibië en selfs tydens vroeë kolonisering onderling gebruik is vir onderhandelings tussen inheemse groepe; asook wanneer inheemse leiers met Europeërs gekorrespondeer het.[1] Groenewald noem as voorbeelde Witbooi se Nederlandstalige briewe aan die Engelse magistraat in Walvisbaai, aan ander leiers van inheemse groepe, aan die Duitse magte; en ook die briewe wat Witbooi in Nederlands terug ontvang het.

Die leergebonde joernaal met Witbooi se dagboekinskrywings en briewe vanaf 1882 tot 1893 is in April 1893 deur kommandant Kurt von François as buit geneem tydens 'n Duitse aanval op Witbooi se vesting by Hoornkrans (Van Rooyen, 2021: 58). Dit is sedertdien teruggegee aan die Namibiese regering en word bewaar in die Namibiese Nasionale argief in Windhoek. 'n Gedrukte uitgawe in Nederlands is in 1929 in Kaapstad deur die Van Riebeeck-vereniging gepubliseer onder die titel *Die dagboek van Hendrik Witbooi.*

Hendrik is nie die eerste of enigste Witbooi waarvan dokumente in Nederlands bewaar gebly het nie. Ook sy vader, Klein Kido (Moses) Witbooi, was 'n ywerige briefskrywer. Eugène Marais (1984: 1294) transkribeer in sy essay "The Yellow Streak" twee briewe van Klein Kido, waarvan die eerste soos volg lui:[2]

> Gibeon, 9 Jan. 1876
> 'Lieve Boeren. Ik heb gehoord dat gij wilt inkomen met oorlog om dit land te nemen. Is dat waar of niet? Als dat niet waar is zeg ik ook niets. Maar als dat waar is zeg ik ulieden draait om. Haast U. Ik wil U in mij land niet hebbe. Ik wil geen gemeenschap met U houden. Ik wil mij land niet door U laat verderven. Nog eenmaal zeg ik tot U draait om gij Boeren. Ik zal niet veele woorden tot U zeggen. Hopende dat tog alles wel gaat en daar vrede gemaakt word.
> Ik ben,
> Klein Kido Witbooi, Kapteijn van Gibeon, Opvolger van mijn Ou Vader die overleden is.'

Hendrik Witbooi se dagboek en briewe getuig van dieselfde gees van weerstand teen kolonisering as bostaande brief deur sy vader. Só waardevol is die Witbooi-argief dat Unesco dit in 2005 in die sogenaamde Memory of the World-register opgeneem het.

In hierdie artikel, die eerste van twee artikels oor Witbooi-herinnerings in Afrikaans en Nederlands, bespreek ek die getemperde wyse waarop Witbooi in P.J. Philander se poësiebundel *Vuurklip* (1960) belig word, asook negatiewe apartheidsera-uitbeeldings van Witbooi in *Die gésel van Namaland* (1969) deur W.A. de Klerk, *Tweehonderd gewere* (1965) deur Doc Immelman en *Duisend gewere*, 196[-?]) deur A. Cilliers.[3] Al vier hierdie tekste sal ideologies gedekodeer word om die dialogiese verhouding tussen teks en die tydgenootlike sosiaal-politieke konteks te ondersoek. Die doel is om te illustreer dat daar in Afrikaans 'n lang tradisie bestaan van koloniserende narratiewe oor Hendrik Witbooi, en om uit te lig hoe die uitbeelding van Witbooi in prosa en poësie tydens apartheid beïnvloed is deur geskiedskrywing. Veral die invloed van die historikus Gustav Preller word belig. Hoewel heelwat reeds geskryf is oor hoe Preller se geskiedskrywing gedien het as bron van Afrikanernasionalisme in die aanloop tot apartheid (Liebenberg, 1975; Van Jaarsveld, 1990; Hofmeyr, 1991), is hierdie artikel na my wete die eerste wat fokus op die impak van Preller se skeefgetrekte weergawe van die Witbooi-geskiedenis op literêre uitbeeldings van Witbooi.

In die artikel wat op hierdie een volg word bespreek hoe negatiewe uitbeeldings van Witbooi sedert 2011 plek gemaak het vir 'n post-apartheid, post-koloniale herevaluering in Nederlandse en Afrikaanse letterkunde.

2. Historiese agtergrond

Hendrik Witbooi is omstreeks 1840 op die sendingstasie Pella net suid van die Oranjerivier gebore as lid van die Nama-stam bekend as die Khowesin. Die Khowesin het onder leiding gestaan van die Witbooi-dinastie en word dikwels die Witboois genoem. Sy oupa, Cupido (Kido), ook bekend as David Witbooi (c. 1780-1875), is later opgevolg deur Hendrik se pa, Moses of Klein Kido (c. 1810-1888). Witbooi het sy pa in 1888 opgevolg (Wannenburgh, 1980: 178; Nienaber, 1989: 635-636). Die Witboois het omstreeks 1850 die Oranjerivier oorgesteek en hulle gevestig by Gibeon in die teenswoordige Namibië (Van Rooyen, 2021: 58). In 1863 is 'n sendingstasie van die Rynse Sendinggenootskap ('Rheinische Missionsgesellschaft') op Gibeon gestig. Witbooi is deur sendelinge opgevoed, met veral Johannes Olpp wat 'n invloedryke rol gespeel het (Vedder, 1937: 687-693). In 1888 verlaat Witbooi en 'n aantal volgelinge Gibeon en vestig hy hom by Hoornkrans, 120 kilometer suidwes van Windhoek. Op dieselfde tyd begin Duitse koloniste hulle egter vestig in die gebied wat as Duitswes-Afrika bekend gestaan het. Sedert die Rykskanselier in 1884 amptelik Duitsland se beskerming oor Lüderitz uitgebrei het en daarvan 'n Duitse protektoraat gemaak het, wou die Ryksregering sogenaamde 'beskermingsooreenkomste' ('Schutzverträge') met inheemse leiers sluit (Vedder, 1937: 733). Dit het behels dat die inheemse volke in ruil vir Duitse beloftes van beskerming in hul onderlinge oorloë hul onafhanklikheid prysgee. Witbooi het geweier (Pool, 1979: 253). Nóg Herman Göring nóg Kurt von François, wat in 1889 in Walvisbaai aangeland het, kon hom daartoe oorhaal. Von François het Witbooi toe die stryd aangesê in 'n oorlog wat voortgeduur het totdat Leutwein, wat Von François opgevolg het, in 1894 vir Witbooi verslaan en gedwing het om 'n vredesooreenkoms te sluit (Pool, 1979: 8-10).[4] Die Witboois mog hul wapens behou, maar moes aan Duitse kant saam met die Duitsers teen die Herero's en ander inheemse stamme veg. Hoewel talle bronne beweer dat Witbooi na sy nederlaag 'n lojale subjek van die Duitse ryk was, wys Neville Alexander (1983: 62) in sy kritiek op koloniale Witbooi-geskiedskrywing daarop dat Witbooi se samewerking met Duitse magte 'n kompromis was toe Witbooi geen ander keuse meer gehad het nie:

> The Khowesin, therefore, saw themselves as retaining a certain measure of autonomy and decision-making power. And, in fact, their cooperation with the Germans against various insurgent groups of people until 1904 is to be understood as a quid pro quo for continued autonomy rather than as an acceptance of German aims.

Alexander (1983: 62) haal 'n brief aan waaruit dit duidelik blyk dat Witbooi homself verwyt het oor die feit dat hy gedwing is om saam met die Duitsers teen sy mede-Afrikane te veg. In hierdie brief maak Witbooi dit duidelik dat die slagoffers van Duitse koloniale geweld onskuldig was, dat die aanvalle op hulle sonder oorsaak was en boonop plaasgevind het in vredestyd:

> Zoals u weet, hebt ik 10. Jaaren onder uwe wet en in de wet en achter de wet gevolg, en niet ik alleen maar ons alle Hoofden van Afrika. Zoo ik ben nu bang voor God de Vader. De Zielen wat in die 10. Jaaren uitgevallen in alle natië, in deze Afrika bij ons alle Hoofden zonder schuld en oorzaak en sonder zienlijke oorlog, in de vrede en in die Traaddat van vrede, die groote Rekenschap wat ik moet zal geef voor God de vader wat in de Hemel is, is zeer Groot.[5]

Witbooi het op 4 Oktober 1904 die vredesooreenkoms wat hy met Leutwein gesluit het, verbreek (Pool, 1979: 253). Sy oorlogsverklaring het gekom twee dae ná Von Trotha se berugte 'vernietigingsbevel' ('Vernichtungsbefehl') op 2 Oktober (Baer, 2017: 30; Pool, 1979: 250). Von Trotha het onder andere verklaar: "Binne die Duitse grens sal elke Herero met of sonder geweer, met of sonder vee, doodgeskiet word. Ek herberg nie meer vrouens en kinders nie. Hulle moet óf na hul volksgenote terugkeer óf daar word op hulle geskiet" (Pool, 1979: 251).In 'n brief het hy sy voorneme soos volg verwoord: "Ek sal die opstandige stamme vernietig deur riviere van bloed en geld te vergiet. Slegs só sal dit moontlik wees om die saad te saai van iets nuut wat sal voortduur (Baer, 2017: 30; Drechsler, 1980: 154).[6] In sy proklamasie getiteld "Aan de oorlogvoerende Namastamme" het Von Trotha gewaarsku dat hy die Namas sal vernietig soos wat hy met die Herero's gedoen het (Boehme, 2020: 242; Hillebrecht, 2015: 51; Groenewald, 2010: 96).[7]

Witbooi is op 29 Oktober 1905 op die slagveld doodgeskiet. Ná Witbooi se dood is die Namas verslaan. 'n Aantal oorlewendes is as dwangarbeiders na ander Duitse kolonies geneem en sommige is na konsentrasiekampe gestuur (Wannenburgh, 1980: 181). Suidwes-Afrika het 'n Duitse kolonie gebly totdat die Unie van Suid-Afrika, as deel van die Geallieerde magte, dit tydens die Eerste Wêreldoorlog binnegeval het. Suid-Afrika het vir die duur van die oorlog die gebied beheer. Die Unie het in September 1919 volgens 'n Volkebondmandaat beheer van "Duits-Suidwes-Afrika" aanvaar (Wellington, 1967: 270). Toe die mandaat in 1966 beëindig is, het die apartheidsregering van die Republiek van Suid-Afrika die gebied onwettig bly beset. In 1960 is die Southwest African People's Organisation (Swapo) gestig om vir Namibiese onafhanklikheid te veg (Melber, 2005: 94). Die eerste veldslag tussen Swapo-lede en die Suid-Afrikaanse weermag het op 26 Augustus 1966 plaasgevind (Melber, 2005: 95). Die oorlog sou voortduur tot Namibiese onafhanklikheid in 1990.

3. P.J. Philander: Eggo's van koloniale denkbeelde in die Witbooi-beelding van 'n bruin intellektueel tydens apartheid

Die vroegste literêre bewerking van die Witbooi-geskiedenis in Afrikaans word aangetref in P.J. Philander se bundel *Vuurklip* (1960). Die gedig "Hendrik Witbooi" vorm deel van die bundel se gemoeidheid met verwaarloosde historiese figure uit die Namibiese en Khoisan-geskiedenis. Die bundel bevat drie verhalende monoloë waarin Jager Afrikaner, sy seun Jonker Afrikaner en Hendrik Witbooi aan die woord is en op hul lewe terugkyk. Philander gaan dus in *Vuurklip* vollediger in op 'n tema wat hy reeds in sy debuut, *Uurglas* (1955), aangeraak het. In laasgenoemde bundel handel twee gedigte, "Reliëf" en "Die slaaf", oor gegewens uit die Khoisan-geskiedenis.

Soos *Uurglas*, het *Vuurklip* tydens apartheid verskyn terwyl Philander een van slegs drie bruin gepubliseerde digters in Afrikaans was. Philander se vriend en tydgenoot, S.V. Petersen, het in 1944 met *Die enkeling* gedebuteer en het dit in 1949 opgevolg met die digbundel *Die stil kind* (1949). *Vuurklip*, Philander se tweede bundel, is gepubliseer in dieselfde jaar as Petersen se *Die kinders van Kain* (1960). Adam Small het in 1957 gedebuteer met *Verse van die liefde*, maar sou eers ná die publikasie van Philander se *Uurglas* en *Vuurklip* opslae begin maak met *Kitaar my kruis* (1961) en *Sê sjibbolet* (1963).[8] Volgens Gerwel (1985: 11) het sosiale, kulturele en politieke faktore in hierdie jare veroorsaak dat "skryfwerk in Afrikaans deur skrywers anders as Blankes opsienbarend" geword het, terwyl dit "eintlik natuurlik" moes wees. Resensies uit die jare sestig staaf Gerwel se waarneming, aangesien dit blyk dat Philander se poësie selde los gesien is van sy identiteit as bruin intellektueel. Antonissen (1963: 278) bespreek *Uurglas* (1955) byvoorbeeld as "die poësie van die kleurling-digter P.J. Philander" en hoewel Antonissen (1963: 99) twyfel of dit geoorloof is om Philander se ras te opper, doen hy dit wel:

> Ek weet nie of dit geoorloof is om in literêr-kritiese verband na 'n outeur se huidskleur te verwys nie. In P.J. Philander se geval kan ek allesins moeilik aan die versoeking weerstaan. Sy *Uurglas* verskyn elf jaar ná die debuut van die ander Afrikaanse kleurling-digter, S.V. Petersen […]

Behalwe die wyse waarop Petersen en Philander, soos in bogenoemde aanhaling deur Antonissen, in dieselfde asem as "Afrikaanse kleurling-digter[s]" bespreek is, is hul werk ook saam gebundel in 'n bloemlesing wat deur die destydse Inspekteur van Onderwys, dr. W.H. de Vos saamgestel is (Petersen en Philander, 1967). Philander en Petersen sou later jare deur Gerwel (1985: 15) "die eerste twee lede van die eerste geslag" genoem word, met Small "die derde lid van hierdie

'oorgangsgeslag' […] wat die swart ervaring […] neerslag laat vind". Hoewel Philander dus saam met Petersen en Small gelees is, en met hulle vergelyk is, blyk dit uit resensies uit die sestigs dat die poësie van Petersen en effens later Small as meer "radikaal" en Philander s'n as meer "gematigd" beleef is. Van Wyk (2022: 58) bespreek die "uiteenlopende menings en skeiding tussen radikales aan die een kant en gematigdes aan die ander kant" as tipies van die politieke denkklimaat onder bruin intelligentsia in die 1960's; en van die historiese blik op die intellektuele geskiedenis van dié groep. Hoewel die woorde "radikaal" en "gematig" nie in Afrikaanse resensies oor Philander se werk gebruik is nie, skemer dit nietemin deur dat die politieke kritiek van Philander se poësie tot en met die publikasie van *Vuurklip* as "sag" en "indirek" beskou is vergeleke met dié van Petersen en Small. Terwyl Beukes en Lategan (1959: 138) die politieke toespelings in Philander se "Die Slaaf" lees as 'n "hartstogtelike", maar ook "*sagte* […] aanklag" (my kursivering), is Petersen se debuut beleef as "rou krete van opstand" (Dekker, 1964: 292). Petersen se poësie is later deur Gerwel (1985: 12) gekarakteriseer as "direkte stellings van protes en beklaging" en Antonissen (1965: 266) beskryf Petersen se *Die enkeling* en *Die stil kind* as bundels wat "in die teken staan van rasverhoudings" en karakteriseer die poësie as "'n kreet" wat getuig van die "leed" en "sielenood van die nie-blanke persoonlikheid". Nóg in *Kern en tooi* nóg in *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* bespreek Antonissen egter Philander se poësie as politieke protespoësie. In *Spitsberaad* (1966) bevind Antonissen trouens dat die tersaaklikheid van die historiese gedigte in *Vuurklip* vir die aktualiteit van Suid-Afrika tydens die apartheidsjare slegs "enkele kere" en "terloops" deurskemer. Hy onderskei tussen die "terloops[e]" benadering van Philander enersyds en andersyds Small se poësie, wat volgens hom "geheel en allereers" oor politieke kwessies handel:

> Philander se "geskiedenis" word maar enkele kere en terloops – sy dit nie onbelangrik nie! – op ons eie tyd geprojekteer (Antonissen 1966: 12). Adam Small se *Kitaar my kruis* staan geheel en allereers in die teken van die aktulaiteit, die "kleur"-aktualiteit.

Ook latere en meer hedendaagse bestekopnames van Philander se poësie beweer dat dit getuig van gematigde politieke denke. Gerwel (1985: 16) skryf dat protespoësie eers met Small se *Kitaar my kruis* "in volle en egte woede die Afrikaanse letterkunde binnegetree [het]". Willemse (2008: 142) bespreek politieke ambivalensie in Philander se epiese versbundel *Zimbabwe*. Van Wyk (2022: 61) reageer op Willemse se karakterisering van Philander as "'n politieke gematigde in 'n omgewing wat ondubbelsinnige politieke keuses vereis" en "'n weifelende intellektueel wat hom nie sover kan kry om die radikales se eis vir

magsoorname en sabotasie te ondersteun nie" met 'n voorstel dat die bestudering van liberale ondertone in Philander se werk nuwe perspektiewe op sy politieke denke kan ontsluit.

Teen die agtergrond van die voortslepende gesprek oor die aard van politieke kritiek in Philander se poësie, ontstaan daar in die raamwerk van hierdie artikel die vraag hoe die gedig "Hendrik Witbooi" in historiese konteks, in bundelkonteks en as onderdeel van Philander se oeuvre gelees moet word. Die taak word bemoeilik omdat die gedig myns insiens nie getuig van dieselfde kritiese ingesteldheid teenoor kolonialisme en die gevolge van kolonialisme as ander gedigte in *Vuurklip*, of as die historiese gedigte in die voorgangerbundel nie. Ek wil aan die hand doen dat dit deels verband hou met die noemenswaardige invloed van ongebalanseerde geskiedskrywing oor Witbooi wat Philander as bronstof gebruik het en waarvan bepaalde ideologiese oriënterings in die gedig neerslag gevind het, soos wat ek hieronder sal aantoon.

Vir Gerwel (1985: 14) getuig die bundel van 'n "onafhanklike mening van 'n stuk swart geskiedenis" en gee Philander " 'n trotse weergawe van die wel en weë van swart historiese persoonlikhede". Willemse (1982: 3) meen dat Philander 'n "voorloper van 'n nuwe geslag herdefinieerders" is en sien hom as 'n digter wat "die verwaarloosde geskiedenis word [opdiep] en positief beskou" (aangehaal in Gerwel, 1985: 15). Hoewel Gerwel (1985: 14) se inskatting van Philander as 'n digter wat 'n swart etos verwoord, geldig is vir 'n gedig soos "Die klippe praat" (en ander gedigte in die bundel), sou mens egter ook kon argumenteer dat die uitbeelding van Witbooi in Philander se epiese gedig getuig van 'n aantal koloniale denkbeelde, en dat die uitbeelding van Witbooi nie bepaald positief is nie.

Die spreker in "Hendrik Witbooi" is 'n bejaarde en ten slotte sterwende Witbooi wat homself karakteriseer as lid van 'n "skriklike en vreemde ras" (Philander, 1960: 25). Philander se Witbooi vertel hoe hy as jong man "onraad stook" saam met sy "witdoekkornuite" (25, 27). Hy dink na oor sy "rowertogte": 'n woordkeuse wat herinner aan die koloniale geskiedskrywer Gustav Preller se herhaaldelike verwysings na Witbooi se "rooftogte" in *Voortrekkers van Suidwes* (1941: 203, 338). Die gedig eggo ook in ander opsigte koloniale sienings oor Witbooi en meer spesifieke die koloniale geskiedskrywing deur Preller. In "Hendrik Witbooi" se weergawe van die tien jaar wat Witbooi op Gibeon deurgebring het nadat Leutwein hom verslaan het, ry Witbooi ook in 'n koets rond en leer hy om hom te "gedra": "[E]k moes in 'n koets van voor af leer/ hoe 'n opperhoof hom gedra". Dit kom ooreen met Preller (1941: 232, 290) se beskrywing van hoe "Hendrik hom gedurende enige jare rustig gedra het" op Gibeon terwyl hy rondry "in 'n blinkende landauer uit Kaapstad". Die gedeelte in Philander se gedig oor die laaste rusplek waarheen Witbooi mik nadat hy

aan die einde van sy lewe noodlottig gewond is, stem byna woordeliks ooreen met Preller (1941: 338) se stelling dat Witbooi volgens oorlewering begrawe lê "agter die derde duin, regoor Groot-Nabas". Vergelyk die volgende strofe in Philander:

> Ek is gewond en iemand moet my nou
> in die stiebeuel help, dan in die saal;
> lank voor die môrester die dag vergrou
> moet ek die derde duin by Groot-Nabas haal.

Genoemde ooreenkomste met Preller-bronmateriaal val op omdat Preller deesdae bekendstaan as "die belangrikste ideoloog en uitvinder van die twintigste-eeuse Afrikanertradisie" (Hofmeyer, 1991: 62; sien ook fel kritiek op Preller se onakkuraatheid en partydigheid in Van Jaarsveld, 1990; Liebenberg, 1975). Hoewel Van Jaarsveld (1990: 17) waarsku teen die "mode" om Preller te beoordeel as "rassis, ideoloog en mitoloog wat 'n wegbereider van Apartheid was", stem hy saam dat Preller se geskiedskrywing as voedingsbron vir Afrikanernasionalisme gedien het: "Sy geskiedenisbewussyn het identies geword met die Afrikaners se nasionale bewussyn, trouens dit het as voedingsbodem daarvoor gedien" (Van Jaarsveld, 1990: 6). Van Jaarsveld (1990: 7) bestempel Preller se geskiedskrywing voorts as "regverdigingsliteratuur" vir die "voortbestaan van die Afrikaner as aparte entiteit" wat "'n filosofiese fundering aan Afrikanernasionalisme verskaf" het.

Voor die publikasie van Preller se *Voortrekkers van Suidwes* in 1941 was die bekendste historiese bron oor Witbooi in Afrikaans Vedder se *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika*, wat in 1937 uit Duits in Afrikaans vertaal is. Hoewel die studie van Vedder, 'n Duitse sendeling, taalkundige en historikus, vandag as koloniale geskiedskrywing gesien word, is dit opmerklik dat Witbooi oorwegend baie positief beskryf word as een van die sogenaamde "uitsonderingsmense" wat "onder alle volke van die aarde nou en dan verrys" (Vedder, 1937: 685). Vedder verklaar sy voorneme om Witbooi "reg te verstaan en regverdig te beoordeel" (685). Hy beskryf Witbooi as uitermate vlytig, leergierig en skrander, met vermelding van sy "uitstekende handskrif", selfs al het hy as jong man die duim van sy regterhand in 'n geveg met die Herero's verloor. Hy noem dat Witbooi 'n getroue kerkganger, vroom en opreg gelowig was. Oor Witbooi se visioene en sy oortuiging dat hy deur God geroepe was om die Namas na 'n beloofde land noord van Gideon te lei, is Vedder filosofies: "Wat sy openbarings betref, daaroor hou ons ons oordeel terug. Die sielelewe van die mens het dieptes was die soeker se blik nie kan deurgrond nie" (693). Heelwat aandag word bestee aan Hendrik se ekonomiese aktiwiteite. Volgens Vedder het dit in die Gibeon-jare gewentel om

veeboerdery, jag en tuinbou: "Hy het nie, soos baie andere, die geleentheid gehad om homself met onverskrokke rooftogte te verryk nie." Witbooi het vee bekom deur 'n kontrak met Olpp en het met vee begin boer. Wanneer Witbooi se latere lewe en oorloë teen die Herero's bespreek word, noem Vedder in neutrale taal dat Witbooi vee "gesteel" het.

Vedder se toon is dus heeltemal anders as dié van Preller, wat vir Witbooi bestempel as "'n gewone struikrower" wat hom skuldig gemaak het aan "roof- en moordpartye" en "barbaarse wreedheid" in die geselskap van "bandelose gespuis" (Preller, 1941: 201, 203, 218). Preller beskuldig Witbooi van "fanatisme" (194). Waar dit gaan om onderhandelings met Duitse staatslui bestempel hy Witbooi as "parmantig" (203), "'n onrustige Hotnot" (211) en "skelm" (228).[9] Oor Witbooi se oorlogsverklaring sê Preller slegs Witbooi het "plotseling ál sy beloftes en ooreenkomste verbreek en vyandelikhede hervat teen die blankes wat hy op die mees verraderlike wyse om die lewe gebring het" (232).[10] Wat tot Witbooi se besluit aanleiding gegee het, word nie vermeld nie. Pleks daarvan word genoem hoe "hy in koelen bloeden onskuldige mense doodskiet" (276).

Deur te let op Preller se growwe revisionisme en rassisme raak dit duidelik hoe Philander se vers deur koloniale sienings gevorm is. Die opvallendste aspek van die koloniale blik op Witbooi in Philander se gedig is dat die koloniale vergrype van die Duitse ryk nie aangeraak word nie. Witbooi se jare van onderwerping nadat Leutwein hom verslaan het, word gelykgestel aan 'n gebrek aan die wil om te lei en 'n afkoeling van Witbooi se vroeëre gedrewenheid: "My wil tot heerskappy het weggekook" (29). Die Herero-opstand word beskryf as iets wat opvlam sonder dat die rede daarvoor vermeld word; en die soldate wat saam met Witbooi tot die stryd toetree, word "anargiste" genoem:

> Maar toe die Herero's aan brand raak
> moes weer die heliografiste
> van Chaumberg af gevaarseine maak
> oor my Witbooi-anargiste.

Witbooi se opstand teen die Duitse ryk word, soos in Preller, as godsdienstige fanatisme en magshonger optrede verbeeld:

> Weer gloei die ou geloof:
> Hierdie land moet skoon
> Dat ek as enigste opperhoof
> met my volk hier vry kan woon.

Die "kommentaar oor die kolonisering van sy land en die verdraaiing van die geskiedenis" wat Gerwel (1985: 15) raaklees in "Die klippe praat", ontbreek deurgaans in "Hendrik Witbooi". Witbooi se einde word geteken as tragies en futiel, vergelykbaar met 'n plant wat op vreemde bodem uitsterf. Relevant hier is Van Wyk (2022: 64) se analise van die maniere waarop Philander aangesluit het by "kenmerke van die Suid-Afrikaanse liberale fiksie van die vyftigerjare, naamlik die tragiese element en die besef dat die indiwidu weerloos is teen die raspolitiek wat op 'n daaglikse basis uitspeel". Van Wyk (2022: 63) se kommentaar oor hoe die pastorale naturalisme in Philander se werk raakpunte vertoon met liberale fiksie, kan ook van toepassing gemaak word op die eerste strofes in "Hendrik Witbooi" oor die verbygegane pastorale leefwyse onder die bewind van Hendrik se oupa, en die laaste strofes waarin Hendrik hom met die natuur vereenselwig. Soos "Aand op Genadendal" en "Veldblomtuin by Caledon" wat deur Van Wyk (2022) geanaliseer word, kan groot gedeeltes van "Hendrik Witbooi" beskryf word as "mooi landskaptekening geplaas […] teen die onderliggende tema van verganklikheid en vervlietendheid". Die volgende kritiek deur Willemse (2008: 144) oor Philander se ambivalente hantering van die politiek van kolonialisme in *Zimbabwe*, sy onderbeligting van koloniale geweld, die feit dat hy gebruik maak van stereotipes uit setlaarsretoriek en die teenstellings waartoe dit aanleiding gee, is na my mening ewe geldig oor die gedig "Hendrik Witbooi":

> His [Philander's] difficulty in formulating a coherent oppositional voice […] points to this ambivalence. Just as his understatement of colonial violence or his difficulty at exploring the nature of colonial violence results in an unavoidable contradiction. He writes a text from the point of view of the colonists […] while in contrast the colonized oppositional voice remains at best sketchy and stereotypical. […] For Philander […] the abiding difficulty is […] imagining a postcolonial future.

Die uitbeelding van Witbooi in Philander se teks kan dus as koloniaal eerder as postkoloniaal beskryf word. In hierdie opsig beklee die gedig "Hendrik Witbooi" 'n ongemaklike posisie in die bundel waarvan dit deel uitmaak, en slaan dit 'n ander toon aan as die historiese gedigte in Philander se debuut, *Uurglas*. Etlike gedigte in *Uurglas*, byvoorbeeld "In sy naam", "Die hand teen die muur" en "Reliëf" bevat implisiete, maar duidelike kritiek op ongelyke magsverhoudings in Suid-Afrika. Die gebruik van die uurglas-motief en gedigte oor sosiale onregte uit die verlede rig 'n waarskuwing aan die heersers van die apartheidstaat dat ook húlle tyd sal uitloop. In "Die Slaaf" gaan dit eksplisiet om die gevolge van kolonisering vir drie geslagte uit dieselfde familie. Die gedig eindig met 'n verwysing na die historiese figuur Abraham Esau en

die digter-spreker se gebed dat "onderdruktes" bevry word. In *Vuurklip* word die langer monoloog-gedigte afgewissel met korter gedigte oor die Khoisan waarin die gevolge van kolonisering onmiskenbaar krities belig word. Oor "Die klippe praat" oordeel Gerwel (1985: 15) byvoorbeeld soos volg: "Nie slegs lewer die San-spreker in die gedig kommentaar oor die kolonisering van sy land en die verdraaiing van die geskiedenis nie, maar hy open ook perspektiewe op die toekoms, nl. dat 'n dag van opstand sal kom [...] en die vergelding sal volg". Dit wil voorkom asof die gedig "Hendrik Witbooi" die spore vertoon van historiese bronmateriaal wat vandag beskou word as propaganda in diens van Afrikanerbelange en Afrikanernasionalisme in die aanloop tot apartheid.[11] Die gevolg is dat die gedig 'n teenstrydige posisie beklee in die konteks van die bundel en in ongelyke verhouding staan met die antikoloniale kritiek wat elders in *Uurglas* en *Vuurklip* verwoord word.

4. Duitse kolonialisme en apartheid: Negatiewe Witbooi-uitbeeldings deur ander Afrikaanse skrywers tydens die apartheidsera

In die 1960's was daar 'n opvallende oplewing in Afrikaanstalige, Suid-Afrikaanse romans oor Hendrik Witbooi en die Nama-opstand van 1904. Die verskyning van hierdie romans het saamgeval met die Verenigde Nasies se verhore oor Suid-Afrika se teenwoordigheid in Suidwes-Afrika. Al drie romans wat ek hier bespreek – *Tweehonderd gewere* deur Doc Immelman (1965), *Duisend gewere* deur A. Cilliers (196-?) en *Die gésel van Namaland* deur W.A. de Klerk (1969) – speel in Suidwes-Afrika af tydens die Duitse koloniale bewind, maar verwys ook na Afrikanergeskiedenis en implisiet na die politieke konteks van Suid-Afrika tydens apartheid. Omdat al drie skrywers uit die Duitse koloniale geskiedenis put vir narratiewe waarin vestigingsmites van die Afrikaner, Afrikanernasionalistiese ideologie en apartheidsregverdigings ingebed word, wentel die verhaalgebeure in elk van hierdie romans om dieselfde historiese bronmateriaal: die lotgevalle van 'n groep Afrikaanssprekendes uit Suid-Afrika wat 'n boerderygemeenskap by Kub in die suide van Suidwes-Afrika gevestig en tydens die Nama-opstande van 1904 slaags geraak het met Hendrik Witbooi en sy soldate. Die Namas se opstand teen die Duitse koloniale bewind is nie die spil waarom die romans draai nie, aangesien die fokus verskuif na die skermutseling tussen Witbooi en die Afrikanerboere. Dit word as deel van nasionalistiese Afrikanergeskiedenis aangebied en Witbooi word nie as die teenstander van Duitse kolonialisme uitgebeeld nie, maar as vyand van alle "witmense" en in besonder ook die Afrikaners met wie die karakters hulle vereenselwig:

> 'Hy [Witbooi] glo dat die witman 'n indringer in hierdie land is' (Cilliers, 196-?: 19).

> Hendrik Witbooi is 'n fanatikus wat glo dat hy deur 'n Hoër Hand geroep is om hierdie land skoon te maak van witmense (Cilliers, 196-?: 44).

> Die Witkam praat stadig. 'My kaptein Hendrik Witbooi sê hy het van Bo af die bevel gekry dat ons die witmense in die see moet jaag … Die tien jaar vrede is verby … Die tyd om … dood te maak het gekom …' (Immelman, 1965: 19)

> 'Witbooi […] vertel dat hy van plan is om ons almal nog die see in te jaag' (De Klerk, 1969: 3).

> Berigte het sommer gou die laertjie by Kub bereik dat Hendrik Witbooi sy Witkams gelas het om sonder genade en sonder aansiens des persoons elke blanke man in die groot suide voor die voet dood te skiet (De Klerk, 1969: 39).

As deel van die Afrikanernasionalistiese diskoers wat in hierdie romans hoogty vier, word die botsing met die Witboois byvoorbeeld in die Cilliers-roman 'n voortsetting van die lot wat Afrikaners tydens die Anglo-Boereoorlog moes verduur. Dit blyk uit die reaksie van die karakter Johan Meiring, "die eertydse soldaat van die Republiek Vrystaat" (Cilliers, 196-?: 10), op die dood van die boer genaamd Piet Naudé:

> 'Moord, ja,' kom dit deur saamgeperste lippe. 'Aanskou dit. Kyk goed. Daar in die stof lê 'n Boer. So baie van ons, so verskriklik baie van ons bloed het nog onlangs die aarde benat ... en nou is dit al weer so …' (Cilliers, 196-?: 33)

In soortgelyke trant beskryf De Klerk in *Die Gésel van Namaland* se inleiding, onder die hofie "'n Woordjie vooraf", sy roman as "die vertelling van een van die mees verbete en aangrypende veldtogte in ons hele vollksverhaal – die stryd teen die groot Hottentotleier, Hendrik Witbooi". Die roman handel volgens De Klerk oor "heldemoed" van lede van "al die mense wat daardie bewoë dae daar in die laertjie te Kub deurgebring het". Die verwysing na 'n laer is veelseggend aangesien die betekenis daarvan gelade is op die wyse wat Branford en Branford (1993: 171) verduidelik:

> The Afrikaner pioneers, the so-called Voortrekkers, who left the Cape Colony and ventured into the interior of Southern Africa made use of ox-wagons. When they set up camp they lashed the wagons together to form a circle for the protection of the people and animals within, and as a barricade from which to fire on attackers. The initial meaning of laager was limited to

> this regular form of defence of the Voortrekkers, but later it took on also a figurative meaning and came to refer to an ideologically impenetrable enclosure, most often with reference to the Afrikaner who was said to possess a laager mentality.

Die historiese bron vir al drie romans is waarskynlik Preller se *Voortrekkers van Suidwes*, wat aansienlike aandag aan die gebeure by Kub gee, hoewel dit nie genoem word in ander historiese studies oor dié tydperk nie (Blackler, 2017; Drechsler, 1980; Hillebrecht, 2015; Pool, 1979; Vedder, 1937; Wellington, 1967; Zimmerer, 2003). Preller beskryf Kub as "hierdie voorpos van die Afrikaanse beskawing en geloof teen die Hottentot-hordes" (1941: 269). Die Witboois word beskryf as "lafhartig" (261) 'n "moordenaarsbende" (262), "plunderaars" (267), "die duiwelse Hottentotte" (331) en nie as mense nie, maar as "goed" (287). Pakendorf (1998: 143) plaas De Klerk se stelling dat sy roman op "ware gebeure" gegrond sou wees, op relativerende wyse in perspektief as eerder 'n verhaal gegrond op 'n ander verhaal: "So the author's claim that he has merely retold a story that really happened should be read to mean that he has retold a story that has been told before."

Die invloed van Preller op die romans wat hier bespreek word, is onmiskenbaar. De Klerk ontleen sy titel aan Preller (1941: 195) se beskrywing van Witbooi as "die gésel van Suidwes en die skrik van die Kaapse trekkers". Hy herhaal woordeliks Preller se vertelling dat die Herero's na Witbooi sou verwys het as "otjikorta tji ri pi" of "die slegte kortetjie" (vergelyk De Klerk, 1969: 9 en Preller, 1941: 201). Preller se kritiese en neerbuigende toon teenoor Witbooi, en selfs spesifieke woorde en frases, weerklink in Immelman (1965) se verwysings na Witbooi as 'n "wreedaard" (31) en die Witbooi-soldate as "rowers" wat "taai, geslepe, wreed" (23) en "waansinnig" (29) sou wees. Cilliers (196-?) se beskrywings van Witbooi as "'n uitgeslape, sluwe kalant" (19) en "fanatikus" (44) wat saam met "moordenaars" (88) hom skuldig maak aan "verskriklike wreedhede" (96) en "moordery en plunder" (46) is soortgelyk.

Al drie romansiers voeg 'n liefdesverhouding by die verhaalgebeure wat op die Preller-bronmateriaal gegrond is. Dit is geen toeval dat *Duisend gewere* en *Tweehonderd gewere* oor die liefde van 'n jong Afrikaner vir 'n Duitse meisie handel nie. Die skeefgetrekte weergawes van historiese gebeure en die naakte rassisme in hierdie romans, met duidelike tekens van die invloed van koloniale denkbeelde, illustreer wat Melber (1985: 75-76) "die Duitse wortels van apartheid" noem. Dit vorm deel van sy argument oor raakpunte en historiese verbande tussen tussen Duitse kolonialisme en apartheid:

> When South African troops occupied Namibia in 1914-15, German colonialism had prepared and created the structures of Apartheid, which afterwards were perfected by the South African regime and supplied with a specific ideology and doctrine of racial rule. The model, however, bore a German trade-mark (Melber, 1985: 75-76).

'n Sprekende voorbeeld van die invloed van Duitse kolonialisme is die volgende beskrywing van die karakter Tjaart Fouché se eerste ontmoeting met Witbooi in Immelman (1969: 13) se *Tweehonderd gewere*:

> Tjaart Fouché onthou die oggend toe Hendrik Witbooi en veertig van sy ruiters op hulle werf kom besoek aflê het. […] [S]y oë […] was klein en donker en wreed en sy mond was styf, sy dik lippe dun gepers. Hy het nooit geglimlag of 'n vriendelike woord vir iemand gehad nie.

Dit herinner aan die Duitse kolonis Von Bülow, wat Witbooi in 1890 in die geselskap van Von François ontmoet het en wat hom soos volg beskryf:

> Bij nadere waarneming, ontdekte men, in den energiek gesloten mond en de harde uitdrukking van den oogopslag, den trek van kracht en wreedheid, aan de dierlijke instinkten van ruwe volken eigen (aangehaal in Carelsen, 1905:68).

Soos reeds genoem, is Witbooi en die Namas se oorlog teen die Duitse koloniste op die agtergrond in hierdie romans omdat die Namibiese geskiedenis interpreteer word as deel van die gemitologiseerde pioniersgeskiedenis van die Afrikaner. Witbooi word telkens beskryf as iemand wat "in opstand teen die blanke gesag" gekom het sonder dat redes verstrek word vir sy optrede (De Klerk 1969: 4, 25). Herhaaldelik word genoem dat "onskuldige" mense as gevolg van Witbooi se "koelbloedige" optrede sou sterf (Cilliers, 196-?: 20, 32). Waar die oorlog tussen die Duiters en die inheemse bewoners wel ter sprake kom, word koloniale vergrype nie belig nie. Een van die noemenswaardigste voorbeelde is 'n karakter in *Duisend gewere* se beskrywing van die volksmoord op die Herero's deur Von Trotha as iets wat die Herero's op hulself haal: "[B]y Okhahandja is die Herero's besig om nasionale selfmoord te pleeg" (Cilliers, 196-?: 6). In *Die gésel van Namaland* word die uitwissing van die Herero's in die skadu gestel van verliese en swaarkry aan Duitse kant:

> Groot getalle Herero's het inderdaad 'n verskriklike dood tegemoet gegaan. Maar ook die Duitsers moes geweldige verlies ly. Net waar 'n mens daarbo kom, lê die nuwe grafte – met altyd die woorde: *Gestorben* of *Gefallen bei* daarop. Dit was maar treurig om te sien (De Klerk, 1969: 137).

Dit is nie die Herero's se lot nie, maar dié van die jong, Duitse mans wat "treurig" is. Die simpatie is onbetwisbaar by die Duitsers:

> So lewendig was hierdie beskrywing ook van […] die harde lot wat die jong Duitse mans getref het, dat tant Mynie du Toit opnuut tot trane toe beweeg is.
>
> 'Foei tog,' het sy hier eenkant heerlik gesnik. 'Ag, hoe jammer kry ek hulle tog nie – die jonge mense, so ver van huis en haard' (De Klerk, 1969: 137).

Witbooi se oortuiging dat Duitsers op sy grond oortree, word in twyfel getrek, byvoorbeeld wanneer 'n karakter in *Duisend gewere* opmerk: "Witbooi *beweer* dat al hierdie grond waarop hulle nou staan, syne is" (13) [my kursivering]. Die karakter Tjaart Fouché betwis die legitimiteit van Witbooi se vryheidstryd deur te onderskei tussen die Boere se stryd teen Britse oorheersing en die Namas se stryd teen Duitse oorheersing:

> Het hy dan nie ondervinding van so 'n stryd nie? Maar hierdie is nie so 'n stryd nie. Hierdie is 'n klomp bloeddorstige, half-beskaafde rowers wat weet dat hulle geen stryd het om te stry nie, maar verruk voel as hulle bloed sien vloei en kan plunder en afbreek (Cilliers,196-?: 45).

Hierdie romans lees soos variasies op Gustav Frenssen se berugte roman *Peter Moors Fahrt nach Südwest* (in Engels beskikbaar as *Peter Moor's journey to Southwest*), waarin voorbrand gemaak word vir die reg om die land van Afrikane weg te neem sodat dit "getem" en "beskaafd" gemaak kan word. Die tipering van Witbooi-soldate as "halfbeskaafd" deur Cilliers in bogenoemde aanhaling sluit aan by etlike ander soortgelyke stellings elders in die roman. *Duisend gewere* handel immers oor transportryer wat in Suidwes-Afrika "[sien] hoe beskawings allengs meer en meer posvat" (10). Dieselfde retoriek word aangetref in *Die gésel van Namaland.* Reeds vroeg in die verhaal verduidelik 'n karakter Tante Mynie aan ander karakter hoe die gemeenskap van Kub na "'n kale wildernis" gelei is, maar vasbeslote gebly het "dat ons hier in die vreemde, woeste land ál die mooi dinge van ons volkie sou bewaar … en dat ons ons kinders sou grootmaak in die vrese des Heerens" (14). Die beskawende invloed van die wit, Afrikaanse Christengemeenskap word ook beklemtoon in die volgende gesprek:

> 'Ek hoor mos nou Witbooi sê *ons* het hier ingedring? Is dit so, Oom?'
>
> 'Kyk, Boetie,' kom die rustige en afdoende antwoord: 'Welke grond ons hier in die suide besit, is ons van owerheidsweë geskenk – of anders het ons dit gekoop van die wettige eienaars en self die wettige eienaars geword. Dit was graaf Pheil wat gemaak het dat ons mense uit die

> Kolonie hierheen getrek het. Hy […] het geweet dat ons die wêreld hier sou kan tem, soos ons ook op baie ander plekke in ou Afrika al gemaak het' (De Klerk, 1969: 158).

In 'n poging om die binêre opposisies so kenmerkend van koloniale denke te handhaaf, word die feit dat Witbooi 'n belese en geletterde man was wat die moedertaal van die Afrikaner se voorouers magtig was, word soos volg ondergrawe:

> 'Oom Maans,' vra Koos Spies, 'is dit nou waar wat ons hoor dat hy 'n dagboek hou?'
>
> 'Boetie,' sê oom Maans met gewigtige erns, 'dit is nou evangelie. […] [E]n dan moet julle weet dat hy dit alles *kamtig* in hoog-Hollands skrywe.'
>
> Verskeie minder vleiende aanmerkings kom uit die geselskap (De Klerk, 1969: 40, my kursivering).

En elders:

> 'Hulle vertel hy skryf Hollands,' merk oom Dirk op.
> Meester lag: 'Witbooi-Hollands.'
> Die mense lag ingetoë (De Klerk, 1969: 156).

Die kwessie van uitverkorenheid figureer ook prominent. Daar is groot ontsteltenis onder die karakters in *Die gésel van Namaland* oor Witbooi se geloof dat hy deur God geroepe was: "So 'n vermetelde Witbooi! Hy moet reken dat hy so kan praat. Hy moet op sy plek gesit word – dis nie altemit nie" (De Klerk, 1969: 10). Die boerevegters word gered wanneer 'n donderstorm bo die Namas uitbars. Die skrywer plaas dialoog in die mond van die Witbooi-soldaat Samuel Izak wat daarop dui dat God "kwaad is" vir die Namas en die Boere se kant gekies het:

> Die hewige donderstorm wat skielik so verwoed losgebars het, is in 'n oogwenk saamgetrek op daardie enkele kol wat deur die beleërders van Gibeon uitgekies is. Een hewige haelbui na die ander het op Samuel Izak en sy Witkamruiters uitgesak.
>
> 'Die Here is kwaad vir ons!' So, is daar vertel, het Samuel Izak verward uitgeroep toe hy die vreemde natuurverskynsel aanskoue. 'Die Here is kwaad!' En daarmee het hy subiet die bevel aan sy manskappe gegee om die aftog te blaas (De Klerk, 1969: 117).

5. Gevolgtrekkings

Die tekste deur Afrikaanse digters en skrywers wat in hierdie artikel bespreek is, illustreer die enorme impak wat koloniale geskiedskrywing oor Hendrik Witbooi, veral dié van Preller, vir langer as 'n eeu op Afrikaanse skrywers en digters gehad

het. Philander se epiese gedig "Hendrik Witbooi" herhaal histories-onakkurate sienings van Witbooi as 'n magshonger kwaadstoker en betrek nie die geweld en wrede onderdrukking van die Duitse koloniale bewind nie. Hoewel Philander al bestempel is as 'n baanbreker van 'n nuwe manier van kyk na verwaarloosde geskiedenisse en die verwoording van 'n swart etos in Afrikaans, maak "Hendrik Witbooi" helaas deel uit 'n lang tradisie in Afrikaanse letterkunde van koloniserende uitbeeldings van Witbooi en sy geskiedenis. Die romans van Cilliers, De Klerk en Immelman ontplooi op eksplisiete wyse koloniale denke en apartheidsretoriek. Botha (2007: 46) beweer dat Namibiese Afrikaners, hoewel hulle wit, koloniale heersers gesteun het, nié 'n tradisie het van fiksie wat kolonialisme verdedig nie. Volgens hom is dit heeltemal anders as Duitse koloniale letterkunde wat wit oorheersing verdedig en geneig is om swart Afrikane op krenkende wyse voor te stel.[12] Hoewel dit waar mag wees dat die korpus van Duitse koloniale letterkunde groter is, is dit nié waar dat dié tradisie in Afrikaans ontbreek nie. Dit is ook onjuis om te beweer dat die werk van die skrywer Doc Immelman, die Afrikaanse seun van Duitse immigrante, "slegs op implisiete wyse dien ter regverdiging van Afrikanerkolonialisme" (soos beweer deur Botha, 2007: 46; sien ook Van Rooyen, 2002). Die besprekings van die romans van Immelman, De Klerk en Cilliers wys dat daar wél in Afrikaanse letterkunde uit Namibië én Suid-Afrika prominente voorbeelde bestaan van tekste wat koloniale oorheersing deur Duitsers en/of Afrikaners eksplisiet verdedig en swart Afrikane uitbeeld op maniere wat hulle van hul menswaardigheid stroop.

Universiteit van Kaapstad

Bronnelys

Alexander, N. 1983. The enigma of the Khowesin 1885-1905. In: Saunders, C. (red.). *Perspectives on Namibia. Past and present.* Kaapstad: Centre for African Studies, Universiteit van Kaapstad.

Antonissen, R. 1963. *Kern en tooi. Kroniek van die Afrikaanse lettere.* Kaapstad: Nasou beperk.

Antonissen, R. 1965. *Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot die hede.* Kaapstad: Nasou Beperk.

Antonissen, R. 1966. *Spitsberaad: kroniek van die Afrikaanse lettere, 1961-1965.* Kaapstad: Nasou Beperk.

Baer, E. 2017. *The genocidal gaze. From German Southwest Africa to Third Reich.* Detroit: Wayne State University Press.

Beukes, G en F. Lategan. 1959. *Skrywers en rigtings.* Pretoria: J.L. Van Schaik.

Boehme, F. 2020. Reactive remembrance: The political struggle over apologies and reparations between Germany and Namibia for the Herero genocide. *Journal of Human Rights* 19 (20): 238-255.

Botha, C. 2007. Internal colonisation and an oppressed minority? The dynamics of relations between Germans and Afrikaners against the background of constructing a colonial state in Namibia, 1884-1990. *Journal of Namibian Studies: History Politics Culture* 2: 7-50.

Blackler, A. 2017. From Boondoggle to settlement colony: Hendrik Witbooi and the evolution of Germany's imperial project in Southwest Africa, 1884–1894. *Central European History* 50 (5): 449-470.

Branford, J. en Branford, W. 1993. *A dictionary of South African English.* Kaapstad: Oxford University Press.

Carelsen, G. 1905. Witbooi-literatuur door Geertruide Carelsen. *Onze Eeuw* 5 (11): 65-82.

Cilliers, A. 196(-?). *Duisend gewere.* Bloemfontein: Treffer-uitgewers.

Dekker, G. 1964. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis.* Kaapstad: Human en Rousseau.

De Klerk, W.A. 1969. *Die gésel van Namaland.* Johannesburg: Perskor-uitgewery.

Drechsler, H. 1980. *Let us die fighting. The struggle of the Herero and Nama against German imperialism (1888-1915).* Londen: ZED Press.

Erichsen, C.W. 2005. *"The angel of death has descended violently among them": Concentration camps and prisoners-of-war in Namibia, 1904-1908.* Leiden: African Studies Centre.

Frenssen, G. 1908 [1905]. *Peter Moor's journey to South-West Africa: A narrative of the German campaign.* Londen: Houghton Mifflin.

Gerwel, G. J. 1985. Van Petersen tot die hede – 'n kritiese bestekopname. In: Smith, J., Van Gensen, A. en Willemse, H. (reds.). *Swart Afrikaanse skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26–27 April 1985.* Bellville: UWK-drukkery.

Gray, S. 2013. Soul-brother Eugène N. Marais: Some notes towards a re-edit of his works. *Tydskrif vir Letterkunde* 50(2): 63-80.

Groenewald, G. 2010. Afrikaans as lingua franca in Namibië, ca. 1800-1920. *LitNet Akademie*s 7(3): 65-102.

Hillebrecht, W. 2015. Hendrik Witbooi and Samuel Maharero: The ambiguity of heroes. In: Silvester, J. (red.). *Re-viewing resistance in Namibian history.* Windhoek: University of Namibia Press.

Hofmeyr, I. 1991. Popularising history: The case of Gustav Preller. In: Clingman, S. (red.). *Regions and repertoires: Topics in South African politics and culture.* Johannesburg: Ravan Press.

Immelman, D. 1965. *Tweehonderd gewere.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Liebenberg, B.J. 1975. Gustav Preller as historikus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 15(4): 243-249.

Marais, E. 1984. *Versamelde werke* (red. Leon Rousseau). Pretoria: J.L. van Schaik.

Melber, H. 1985. Namibia: the German roots of Apartheid. *Race & Class*, 27(1), 63-77.

Melber, H. 2005. Namibia's past in the present: colonial genocide and liberation struggle in commemorative narratives. *South African Historical Journal* 54(1): 91-111.

Nienaber, G.S. 1989. *Khoekhoense stamname. 'n Voorlopige verkenning.* Pretoria: Academica.

Pakendorf, G. 1998. "Ons hele volksverhaal": Writing Afrikaner nationalism on the periphery. *Journal of Literary Studies* 14(1-2): 136-165.

Petersen, S.V. 1944. *Die enkeling.* Port Elizabeth, Kaapstad: Unie-Volkspers..

Petersen, S.V. 1948. *Die stil kind (en ander verse).* Kaapstad: Maskew Miller.

Petersen, S.V. 1960. *Die kinders van Kain.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Petersen, S.V. en P.J. Philander. 1967. *Keurverse. 'n Bloemlesing uit die gedigte van S.V. Petersen en P.J. Philander. Saamgestel deur Dr. W.H. Vos.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Philander, P.J. 1955. *Uurglas.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Philander, P.J. 1960. *Vuurklip.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Pool, G. 1979. *Die Herero-opstand.* 1904-1907. Kaapstad: HAUM.

Preller, G. 1941. *Voortrekkers van Suidwes. Geskiedenis van die land en sy volke met hul oorloë; van die Dorslandtrek; die Smit-trek uit Piketberg en die Duitse en Britse veroweringe.* Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Small, A. 1957. *Verse van die liefde.* Kaapstad: Culemborg.

Small, A. 1961. *Kitaar my kruis.* Kaapstad: HAUM.

Small, A. 1963. *Sê sjibbolet.* Kaapstad: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Unesco. 2005. *Letter journals of Hendrik Witbooi.* Geargiveerde webblad. https://webarchive.unesco.org/web/20151225200834/http://www.unesco.org/new/en/communication-and-information/flagship-project-activities/memory-of-the-world/register/full-list-of-registered-heritage/registered-heritage-page-5/letter-journals-of-hendrik-witbooi/ (Datum van gebruik: 30 Junie 2022)

Van Jaarsveld, F. A. 1990. Gustav Preller: Sy historiese bewussyn en geskied-beskouing. *Historia* 35(2): 3-19.

Van Rooyen, P. 2002. *Doc Immelman in Namibies-Afrikaanse literatuur. 'n Analise van rasse- en gender-stereotipering in sy werk.* Ongepubliseerde M.A.-tesis. Windhoek: Universiteit van Namibië.

Van Rooyen, P. 2021. The German attack on the Witboois at Hornkranz, Namibia, April 1893. *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies* 49(1): 57-73.

Van Wyk, S. 2022. Die intellektuele geskiedenis van bruin intelligentsia: 'n herbesoek aan P.J. Philander (1921–2006). *Tydskrif vir Letterkunde* 59(3): 57-72.

Vedder, H. 1937. *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika. Gebeurtenisse in Suidwes tot aan die dood van Maharero in 1890.* Windhoek: John Meinert.

Wannenburgh, A. 1980. *Forgotten frontiersmen.* Kaapstad: Howard Timmins.

Wellington, J.H. 1967. *South West Africa and its human issues.* Oxford: Clarendon.

Willemse, H. 1982. *Swart protesdigters in Suid-Afrika. 'n Voëlvlug.* Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Willemse, H. 2008. Insularity and ambivalence: The case of the South African poet P. J. Philander's epic poem, "Zimbabwe". *Research in African Literatures* 39(1): 125–148.

Witbooi, H. 1929. *Die dagboek van Hendrik Witbooi. 1884-1905. Bewerk na die oorspronklike dokumente in die regeringsargief, Windhoek.* Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.

Zimmerer, J. 2003. War, concentration camps, and genocide in South-West Africa: The first German genocide. In: Zimmerer en Zeller (reds.). *Genocide in German South-West Africa: The Colonial War of 1904–1908 and its Aftermath.* Pontypool: Merlin.

Note

1. Groenewald (2010: 67) gebruik die term "Hollands" vir die taal waarin briewe soos dié van Witbooi geskryf is omdat hy wil aandui dat dit 'n soort "intertaal" was tussen die gesproke taal, wat nader aan moderne Afrikaans was, en die hoër register-teikentaal Nederlands.
2. Marais (1984: 1294) se artikel, wat die eerste keer in 1910 gepubliseer is, bevat aanstootlike "antropologiese" sienings oor ras en inheemse tale, letterkundes en kulture waarop daar nie hier ingegaan word nie. Vir meer hieroor sien Gray (2013: 64).
3. Die eksemplaar in my besit bevat geen publikasiedatum nie. Ook op die Worldcat-katalogus word die datum aangegee as 'n onbekende jaartal in die 1960's.
4. Dr. Heinrich Göring (vader van die berugte Nazi Hermann Göring) was die eerste keiserlike gesant wat na Suidwes-Afrika gestuur is en was van 1884 tot 1889 aan die stuur van sake. Hy is opgevolg deur kommandant Curt von François vanaf 1889 tot 1894 en goewerneur Theodor von Leutwein vanaf 1894 tot 1904. Die volksmoord op die Namas en Herero's het geskied onder die bewind van luitenant-generaal Lothar van Trotha, wat Leutwein in 1904 opgevolg het.
5. Alexander haal die brief in Engels aan, maar die Nederlands wat hier aangehaal word is my transkripsie [van 'n foto van die brief in Hillebrecht (2015: 50). Ook Hillebrecht (2015) betwis sienings dat Witbooi "lojaal" sou wees aan die Duitsers op Gibeon. Hy stel voor dat Witbooi se Gibeon-dekade nie as "tien jaar van vrede" beskryf moet word soos in koloniale geskiedskrywing nie, maar as "tien jaar oorlog", omdat Leutwein in hierdie tydperk elke jaar met militêre optrede

gewys het dat geen uitdaging van Duitse gesag geduld sal word nie.

6. My vertaling van die bronne se Engelse vertaling van die oorspronklike Duitse bewoording. Die Engelse vertaling in die aangehaalde bronne lui soos volg: "I shall destroy the rebellious tribes by shedding rivers of blood and money. Only thus will it be possible to sow the seeds of something new that will endure" (Baer, 2017: 30).
7. Groenewald (2010: 96) wys daarop dat Von Trotha die proklamasie óf in Nederlands opgestel óf in Nederlands laat vertaal het. Hillebrecht (2015: 51) lys die proklamasie in Nederlands as een van die argiefstukke wat hy geraadpleeg het.
8. Gerwel (1985: 17) maak in sy bespreking van die eerste bruin digters in Afrikaans ook melding van Lionel Sheldon se enkele bundel *Weeklaag van die wese* (1960), maar hoewel hy waardering uitspreek vir die unieke fokus op landelike armoede, bevind hy dat Sheldon 'n "onbeduidende digter" was.
9. Die raspejoratief word hier na deeglike oorweging nie weggelaat nie, maar tóg aangehaal om die trant waarin Preller skryf, en die wyse waarop hy die reeds kwetsende woord 'Hottentot' met 'n self krenkender term vervang, te illustreer.
10. Hier en daar lei die revisionisme tot vreemde spanninge. So gee Preller byvoorbeeld toe dat Witbooi in sy onderhandelings met Von François skerpsinnig was: "By al sy barbaarse wreedaardigheid moet Hendrik Witbooi iemand gewees het van heelwat gesonde verstand en deursig, soos trouens ook uit sy onderhandeling met Von François blyk" (218).
11. Sien van Van Jaarsveld (1990: 7) vir 'n beskrywing van Preller se geskiedskrywing as "in 'n hoë mate propagandisties".
12. "Namibian Afrikaners, though strongly supportive of South African and by extension, white rule in the colonial period, failed to develop a tradition of fictional writing premised on a defence of colonialism. This is in contrast to German colonial literature […] which by and large engaged in a defence of white domination and a tendency to dehumanise black Africans" (Botha, 2007: 46).